

Oppie top vannie mosque  
oppie top van sy voice  
skrie die slamse heilage man rejoice  
remember tog vi Moegamat  
O remember tog net vi Moegamat!  
Rejoice tot oppie laaste toe  
Kô batja  
Kô sê dankie Allah  
Kô sê dankie, dankie vi Moegamat  
Kô sê dankie hieso innie Aspelingsstraat  
Gan batja dankie daa byrie Kramat!

Innie kerk daa boekant by Moravian Hill  
priek die kristepierekant vi elke siel  
Gewiss, Gewiss  
Denken Sie an die Here Djesis  
Hy't gekô om te red Jan Rap en sy maat  
So lat ons jubel, dja, tot oppie laaste toe  
Kô  
Kô jubel hieso innie Ashleystraat!

Só gan die mense batja  
Só gan die mense bid  
Dan kô hulle weer innie sonlig yt,  
trek an hulle skoene  
sit hulle hoede op

loep weg deurie strate moet hulle lot

- while die kontrakters briek di mure af -

innie Naam van Allah

innie Naam van God

[Adam Small](#) en Chris Jansen (1973): „OOS WES TUIS BES DISTRIK SES“  
Human & Rousseau Uitgewers (Edms.) Bpk.

A selection of poems by [Adam Small](#) transcribed and circulated for study purposes:  
Liberation Processes in pre- and post-colonial Southern Africa (LiPSA)  
[www.benkhumalo-seegelken.de](http://www.benkhumalo-seegelken.de)